

VERANDER DIE EKONOMIE VAN JOU LEWE

28 November 2012, Ps Stephen Smith

God is raising up individuals who will carry the full manifestation of His desire. These people will take a leap of faith, in the hope that everything they invest into will prosper and with the goal of delivering to Jesus His great reward. Many men and woman anointed of God in every conceivable secular and ministerial job will have counsel from Heaven on how to carry God's desire into their careers.

The Father has saved the best wine for last, and we are about to witness a generation whom God will use to bring the most intense manifestation of Heaven to the earth, because that is God's great desire before the end of this age.

The Lord's audible voice filled the room, introducing the angel standing before me: "Welcome the Minister of Finance for the Kingdom."

Shawn Bolz (Keys to Heavens Economy)

Solomon built the temple in agreement with Heaven. He obtained favour with God, and consequently, he had stewardship over more riches than anyone had before him. Because of divine favour, Solomon became greater than all the kings of the earth in riches and wisdom.

1 Kings 10:23 (Nasb)

Drie areas waarin elke gelowige aandag aan moet gee wanneer dit kom by Koninkryk's ekonomie:

1. Mentaliteit.

Toe het die Gees van God Sagaría, die seun van die priester Jójada, vervul, en dié het voor die volk gaan staan en aan hulle gesê: So spreek God: Waarom oortree julle die gebooi van die HERE en wil julle nie voorspoedig wees nie? Omdat julle die HERE verlaat het, het Hy julle verlaat.

2 Kronieke 24:20

As die sisteem of organisasie 'n gees/mentaliteit van armoede het, kan jy dit nie met geld reg maak nie. 'n Huisgesin met 'n mentaliteit van armoede en tekort kan jy nie bly geld voor gee nie.

Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat HY, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word.

2 Korinthiërs 8:9

Geld is nie ons probleem nie. Ons denke is die probleem. Geld kan nie reguit maak wat krom is nie, maar jou mentaliteit kan krom maak wat reguit is!

2. Waardering.

Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins.

Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie.

Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees.

Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang.

Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor.

Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsamheid, sagmoedigheid.

1 Timótheüs 6:6-11

Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby. Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.

En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.

Filippense 4:4-7

Deur dankbaar te wees vir wat jy het en 'n goeie rentmeester daarvan te wees, bring jou in die volgende speelvlak van die lewe. Verhoging is dan onafwendbaar want dis God wat verhoog.

3. Gee / Saai

God vermenigvuldig jou geld op dieselfde wyse as wat Hy die plaasboer se saad vermenigvuldig. Die honderd, sestig of dertigvoudige oes is nie beperk net vir die landbou oes nie. Die fenomenale vermenigvuldigings beginsel aangaande oes (saai en maai) geld net soveel vir die gelowige se geld as wat dit vir die boer se saad geld.

...remember this – if you give little, you will get little. A farmer who plants just a few seeds will get only a small crop, but if he plants much, he will reap much.

2 Corinthians 9:6 (Tlb)

Wanneer jy jou geld vir God gee, aanvaar God die gawe en dit vermenigvuldig in sy hand!

And God is able to make all grace (every favor and earthly blessing) come to you in abundance ...

(2 Corinthians 9:8, Amplified)

God laat julle in al sy goedheid deel. Nee eintlik oorlaai Hy julle met sy genade sodat julle altyd oorgenoeg van alles het.

(Boodskap)

God is able to make it up to you... (Living Bible).

Die lewe langs die pad vs 'n lewe in die koninkryk

En hulle het in Jérigo gekom. En toe Hy en sy dissipels en 'n aansienlike skare uit Jérigo uitgaan, sit die blinde man, Bartiméüs, die seun van Timéüs, langs die pad en bedel.

En toe hy hoor dat dit Jesus die Nasaréner was, begin hy om uit te roep en te sê: Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!

En baie het hom bestraf, dat hy moet stilbly; maar hy het al harder uitgeroep: Seun van Dawid, wees my barmhartig!

Toe gaan Jesus staan en sê dat hy geroep moes word; en hulle roep die blinde man en sê vir hom: Hou goeie moed, staan op! Hy roep jou.

En hy gooi sy oorkleed af, staan op en kom na Jesus toe. En Jesus antwoord en sê vir hom: Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? En die blinde man sê vir Hom: Rabbóni, dat ek mag sien.

En Jesus sê vir hom: Gaan, jou geloof het jou gered. En dadelik het hy gesien en Jesus op die pad gevolg.

Markus 10:46-52

En Hy het baie dinge deur gelykenisse tot hulle gespreek en gesê: 'n Saaier het uitgegaan om te saai; en terwyl hy saai, val 'n deel langs die pad, en die voëls het gekom en dit opgeëet.

En 'n ander deel het in die goeie grond geval en vrug opgelewer: die een honderd—, die ander sestig—, die ander dertigvoudig.

Wie ore het om te hoor, laat hom hoor!

Matthéüs 13:3-4; 8-9

Ek wil my nie langs die pad bevind nie, want dis langs die pad waar my saad gesteel word. Maak nie saak hoeveel openbaring jy ontvang nie. Maak nie saak hoeveel geleentheid na jou toe kom nie. Hulle word almal opgeëet – gesteel. Dis langs die pad waar jy blind is en nie openbaring, potensiaal, geleentheid en geopende deur sien nie!

En toe hy hoor dat dit Jesus die Nasaréner was, begin hy om uit te roep en te sê: Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!

As jy kan hoor, sal jy sien

Jy sal vrug en die volle manifestasie sien. Jy sal God se woord en wil oor jou sien in vervulling kom! Hy kon goed hoor, maar nog nie sien nie. God sal dit waarin jy sterk is gebruik om dit te oorkom waar jy gebreke en tekort het! **Bartiméüs kon nog nie sien nie, maar hy kon goed hoor.**

- **Wat doen jy vandag met dit wat jy het, daar waar jy is?**

Toe gaan Jesus staan en sê dat hy geroep moes word; en hulle roep die blinde man en sê vir hom: Hou goeie moed, staan op! Hy roep jou.

En hy gooi sy oorkleed af, staan op en kom na Jesus toe. En Jesus antwoord en sê vir hom: Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? En die blinde man sê vir Hom: Rabbóni, dat ek mag sien.

Hy weet, al kry hy nie vandag sig nie weet hy wat hy gehoor het. Hy het sy vorige identifisering afgegooi, hy gaan nie weer terug daarheen nie. Daar is dus net een uitweg vir hom. **Vasbeslote om te kan sien!**

- 'n Oorkleed is 'n bybelse vergelyking vir mentaliteit.

Beklee jouself met Christus. En Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser (Jesaja 59:17). Gaan sy voorhowe in, geklee met 'n gewaad van lof.

Om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking.

Jesaja 61:3

Mentaliteit is tekens vir bese geeste. Bese geeste kleef aan mense gebasseer op die mentaliteit wat daardie mens openbaar. 'n Verslae gees verbind hom nie aan 'n mentaliteit van getrouheid en iemand wat homself in die Here verbly nie. 'n Armgees kan homself nie verbind aan iemand wat homself ryk sien, 'n gewer mentaliteit het nie.

En hy gooi sy oorkleed af, staan op en kom na Jesus toe. En Jesus antwoord en sê vir hom: Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? En die blinde man sê vir Hom: Rabbóni, dat ek mag sien.

En Jesus sê vir hom: Gaan, jou geloof het jou gered. En dadelik het hy gesien en Jesus op die pad gevolg.

- **Wat gebeur nadat jy opgestaan, die verlede afgegooi het en nou kan sien?**

Na hierdie wonderlike gebeurtenis in sy lewe het hy 'n keuse. Hy kan sy weg gaan, of Jesus volg. Die Here se genade is oorvloedig. Maar Hy sal Homself nooit op enige iemand afdwing nie.

Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe

Deuteronomium 30:19-20

Ons het 'n Testament van Voorspoed ontvang!